

**19 Maart**

Skrifgedeelte: 2 Konings 9  
Fokusgedeelte: 2 Konings 9:29-37

## Die Here beoordeel en bestuur alles wat ons doen

Jy ken seker die uitdrukking: Die Here slaan soms met 'n krom stok 'n reguit hou. In die skynbaar chaotiese string intriges wat die twee boeke oor die Konings beskryf, sien ons dit dikwels.

Jy het seker ook al onreg gesien of beleef in jou lewe. Miskien vra jy: Sal so-iets ooit reggestel kan word? Kan dit selfs wees dat jy al gesondig het, en dink geen haan sal weer daarna kraai nie?

Die Here sien altyd boosheid raak Hy is immers alwetend. Of die sonde of onreg nou gepleeg word deur diktators, konings of oneerlike knoeiers, die Here sal geregtigheid laat geskied.

Agab en sy heidense vrou Isebel het Nabot gruwelik vermoor om sy geboortegrond af te vat (1 Kon 21). Die Here het toe vir Elia gestuur om aan hulle te openbaar dat hulle gestraf sal word (1 Kon 21:20-23). Agab sterf daarna in 'n oorlog. Enkele jare later kry Jehu, 'n generaal in die leër van Joram, die koningskap in 'n soort staatsgreep in die hande. Hy voltrek dan verder die Here se oordeel oor die bose Isébel. Soos dit voorspel is deur Elia, verslind honde uiteindelik haar lyk nadat sy tereggestel is (2 Kon 9:32-37). Agab se nageslag word ook deur die oordeel getref (2 Kon 10).

'n Krom stok was Jehu beslis. Hy was self 'n opstandeling en afgodsdienaar (2 Kon 10: 29). Tog gebruik die Here hom om sy wil uit te voer.

Die Here bly die bepaler van die geskiedenis, al voer swak, sondige mense dikwels teen wil en dank sy besluite uit. Vir my en jou is dit 'n troos. Te midde van die warboel van menslike planne en gruwelike sondes, bly die Here in beheer van ons wêreld. Daarvoor het Hy sy Seun gestuur.

Dit is ook 'n waarskuwing. Die Here sien elke onreg wat elke mens (miskien ook ekself?) pleeg, en Hy slaap nie.

Sing: Psalm 47:4 (Totius)

Ds KAJ van Rensburg (Paarl)